NNNN
ZCZC 873 01621
AAH016 FAME 180745
MP 994

M47/127

DEEL EEN VAN TWEE DELE

NUUSBRIEF 05 VAN MARION 47 : AUGUSTUS 1990 1990 -09- 19

AUGUSTUSMAAND, MET SY KENMERKENDE ONVOORSPELBARE WEER,WAS N MEER ERNSTIGE EN ONTROERDE MAAND OP MARION.MET DIE KATPROGRAM EN ANDER BEDRYWIGHEDE,KWAAI BEINVLOED DEUR MOEDER NATUUR,WAS DIE HILARITEIT BY TYE SOMS MINDER LUIDRUGTIG AS GEWOONLIK.OP N STADIUM WAS DAAR SLEGS VIER PERSONE IN DIE BASIS EN DIE PLEK WAS SOOS N SPOOKDORP. DIE KATJAGTERS HET EGTER HARD GEWERK EN ONDANKS DIE ONGURE WEER, GEEINDIG MET DIE SUKSESVOLSTE SESSIE TOT DUSVER. DIT DUI NET WEEREENS OP DIE INTEGRITEIT EN AANPASBAARHEID VAN DIE MENS, N SKAMELE TROOS AS MENS BESEF HOE NIETIG JY IS NAAS DIE NATUUR. VERGELYK ONS ONSSELF MET DIE NATUUR, SAL ONS BITTER RAAK WANT DIE MENS SE GELEERDHEID STAAR NET ONKUNDE BLOOT. HIER IS TYD OM TE LUISTER, TE DINK EN TE VOEL, OM TE BESEF ONS LEEF IN N WAAN, WANT DAAR IS SOVEEL DINGE VER BUITE ONS VERSTAAN. DIE TYD VLIEG VERBY SOOS N SKADUWEE, NIEMAND WEET WAAROM, NIEMAND WEET WAARHEEN. AUGUSTUSMAAND IS VIR DIE SEWE EN VEERTIGSTE GROEP OP MARION VERBY EN AL WAT SAL OORBLY IS DIE HERINNERING. ONTHOU JY NOG? IN TYE OM TE KOM.

JARELANK IS DIE AFGESONDERDHEID VAN DIE EILAND N ONVERBETERLIKE LEERMEESTER OP DIE GEBIED VAN SELFANALISE EN OUTOMETRIE. WAAR DIE YWERIGE WEDYWERING OM MATERIEELE GEWIN VERVANG WORD DEUR VERDRAAGSAAMHEID, VRIENDSKAP, EN PERSOONLIKSHEIDVERSOENING. ONWILLEKEURIG VRA EK MYSELF: 'IS DIE MENS IN SY BLINDE SOEKE NA RYKDOM, STATUS EN AANSIEN NIE DALK BESIG OM DIE ESENSIE VAN MENSWEES TE VERKRAG NIE?' MET N SLAGSPREUK VAN LEEF EN LAAT LEEF VERVAL DIE BESTAANSSTRYD OM N BESTAANSREG EN HET ALMAL HIER OP DIE EILAND N BYDRA OM TE LEWER. OPNUUT BESEF JY DAT WAT OOKAL JOU DAGTAAK, DROME OF IDEALE, JY EERS MET JOUSELF MOET VREDE MAAK EN DAT MENS VRIENDELIK EN VERDRAAGSAAM KAN WEES SONDER OM ENIGIETS PRYS TE GEE. MET TYD IN OORVLOED WORD DAAR BAIE GEDINK EN VERLANG NA DIEGENE VIR WIE JY OMGEE. NOOIT SOU N MENS KON RAAI DAT N BRIEFFIE VAN NET N PAAR WOORDE SOVEEL AAN DIE GEMOEDERE KAN DOEN NIE. DIT IS DUIDELIK DAT DIE WEEKLIKSE BRIEFFIES DIE PLEK GENEEM HET VAN N SALARISTJEK, WAARMEE DIE SKULD VAN VERLANGE EN EENSAAMHEID VEREFFEN WORD.

AUGUSTUSMAAND BETEKEN OOK DAT DIE BROEITYDPERK VAN DIE KEISERDUIKERS (PHALACROCORAY ATRICEPS) EN GENTOO-PIKKEWYN (PYGOSCELIS PAPUA) AANGEBREEK HET EN WAS HULLE DIE MIDDELPUNT VAN BELANGSTELLIN VIR DIE FOTOGRAWE.(WAT ALMAL OP DIE EILAND INSLUIT) DAAR IS GEMIK EN GEDRUK, GEFOKUS EN VERGROOT, TOTDAT

SELF DIE PIKKEWYNE GEWEET HET HOE OM FOTOGENIES TE WEES. DIT IS ASOF DIE DUIKERS (CORMERANTE), MET HULLE PRAGTIGE HELDERBLOU OE EN GEEL KLEUR AAN DIE SNAWELBASIS, TYDENS BROEI-TYD, GOU BESEF HET DAT DAAR VAN HULLE VERWAG WORD OM TE PRONK EN HET HULLE DIT MET OORGAWE GEDOEN. TUSSEN BRUCE LAWSON ALIAS DWERGIE EN HEIN BUCHNER ALIAS WIDE-ANGLE KON ONS NOG NIE UITSLUITSEL KRY OOR WIE DIE MEESTE SKYFIES VAN DUIKERS HET NIE, DIE BEOORDELAARS TEL NOG STEEDS.DAAR IS WEER OP GROOT SKAAL KLEURSKYFIES ONTWIKKEL EN DIE DIE GEMIKALEE IS TOT DIE UITERSTE BEPROEF. HIERVAN KAN ANDRE VOEL (FOURIE) GETUIG EN MOES HY ONGELUKKIG VAN BAIE VAN SY SKYFIES AFSTAND DOEN. JAMMER ANDRE,JY SAL MAAR WEER KAALKOPPIE TOE MOET GAAN

MARION WAS OOK HIERDIE MAAND VERRAS DEUR TWEE BESOEKERS, WAT

EINDE DEEL EEN VAN TWEE DELE

NNNN
ZCZC 880 01621
AAH016 FAME 180745
MP.893

M47/127

DEEL TWEE VAN TWEE DELE

GROOT REAKSIE BY DIE MANNE ONTLOK HET. DIE EERSTE LUIPERDROS IS OP TRYPOTBAAI WAARGENEEM DEUR ONS ALTYD SWERWENDE VOELKENNER ANDRE FOURIE. DIE DIER SE KAKEBEEN WAS SLEG GEBREEK EN HET HENDRIK DIE BIOLOOG, BESLUIT DIE DIER MOET BASIS TOE. GOU IS DAAR N DRAAGBAAG GAAN HAAL SOWEL AS GEWILLIGE HANDE WANT TRYPOTBAAI IS MOS NIE VER VAN DIE BASIS AF NIE. HET ONS MAAR GEWEET WAT OP ONS WAG. MET PAUL EN FRANCIOS VOOR, BRUCE EN GERHARD IN DIE MIDDEL EN CONRAD EN HENDRIK AGTER, IS DAAR GESPEKULEER OOR DIE GEWIG VAN DIE DIER. DIE GEWIG HET GEWISSEL VAN 200KG IN DIE BEGIN TOT 500KG AAN DIE EINDE EN HET ELKEEN OP SY BEURT GEGLO DIE ANDER STEEK LYF WEG. EEN DING IS SEKER, VAN NOU AF SAL HIERDIE SES DEEGLIK BEWUS WEES VAN DIE AFSTAND TUSSEN DIE BASIS EN TRYPOTBAAI. N AFSTAND WAT AS GEVOLG VAN OPGEWONDENHEID EN ONDERNEMINGSGEES OOR DIE HOOF GESIEN IS. DIE TWEEDE LUIPERDROS IS BY VAN DEN BOORGAARD MOND OPGEMERK, WAAR DIT VIER DAE LANK SY KRAGTE HERWIN HET VIR SY TOG NA ANTARKTIKA, WAAR HY EEN VAN DIE MEES GEFOTOGRAFEERDE ROSSE SAL WEES.

DAAR IS OOK GEDURENDE DIE MAAND FLUKS GEBOU AAN ONS EIE ARGITEK SE STOEP. PAUL MUNTING WAS GLAD NIE TEVREDE MET DIE FEIT DAT SY KAMER GEEN STOEP HET NIE EN MET GEWILLIGE HELPERS IS DAAR VIR HOM EEN GEBOU. DIE BEPLANNING HET BEGIN EN NA VELE BIERE IS DAAR BESLUIT OP N PLAN. HELPERS SOOS DELMAINE BOTHA EN KONRAD WEINERT MOES PAUL BAIE BAIE SJOKALADE OPDOK. OM VIR PIETER TERBLANCHE AAN DIE WERK TE HOU, MOES PAUL OOK N GROOT VOORRAAD KOELDRANK BESKIKBAAR STEL. DIE STOEP IS N GROOT SUKSES EN ONS HET DIT INGELYF MET N BRAAIVLEIS. IN TYE OM TE KOM GAAN DIE STOEP MOONTLIK TE KLEIN WEES VIR ALMAL VAN ONS. JASHA EN DEON, DIE TWEE VETERANE OP DIE EILAND HET WEER GESORG VIR N LUCULLUSMAAL WAT ONS SOOS KONINGS LAAT VOEL HET. EK WEET VAN TWEE GELUKKIGE VROUE, WAT GAAN BLY WEES OOR DIE TWEE SE TYDJIE OP DIE EILAND.

STEVE EN GERHARD HET AAN DIE BEGIN VAN DIE MAAND VERTREK OP N

TWEEDE POGING, OM DIE EILAND, NADAT DIE EERSTE POGING BEEIDIG IS DEUR N STUKKENDE YSKAS. MET HULLE TERUGKOMS WAS DIT DANIE EN IAN WAT VERTREK HET. ONS HET JOU GEMIS IAN WANT HIER WAS NIEMAND OM VIR ONS TE SE ?MAAR JULLE VERSTAAN NIE ?. VIR MY EN IAN WAS DIT DIE EERSTE KEER OM DIE EILAND EN VOEL ONS NOU OOK SOOS VOLWAARDIGE MARIONIETE. SOVER EK WEET IS DIT NOU NOG NET GERARD DIE RADIOTEGNIKUS WAT NOG NIE OM DIE EILAND WAS NIE. MET N PAAR RADIOPROBLEME BY SOMMIGE VAN DIE HUTTE IS SO N STAPTOER NOU BO-AAN SY PRIORITEITSLYS. VAN DIE METKASSIES, IS DIT NOU WEER JAQUES SE BUERT EN SAL HY MOONTLIK IN DAE OM TE KOM VIR GERARS VERGESEL.

DIE JAGTERS IS AL WEER WEG VIR DIE SEPTEMBER-SESSIE EN DIE BASIS IS RUSTIG.ONS GAAN SEPTEMBER AL SNEEUEND TEGEMOET, WAGTEND OP BETER WEER.GROETE AAN AL DIE FAMILIE,VRIENDE EN GELIEFDES VAN DIE MARION MANNE.

DIE WEER VIR AUGUSTUSMAAND HET SO DAARNA UITGESIEN:
GEMIDDELDE DRUK: 1010.1 HPA
GEMIDDELDE TEMP: 4.4 GRADE CELSIUS
GEMIDDELDE VOGTIGHEID: 84 PERSENT
GEMIDDELDE SONSKYN: 2 URE PER DAG
REENVAL VIR DIE MAAND: 181.9 MM
LAAGSTE MINIMUM TEMP: -3.4 GRADE CELSIUS
HOOGSTE MAKSIMUM TEMP: 13 GRADE CELSIUS
AANTAL DAE MET REEN: 23
AANTAL DAE MET GEEN SONSKYN: 8

90.9.25

NUUSBRIEF DEUR : G.JONKER

WEERDATA DEUR :D. FERREIRA